
macmillan education

# Woordwys

## Intermediêre Fase

*Verbeter in Afrikaans met hierdie prettige, gebruikers-vriendelike boeke*




VOORBEELD BLADSYE

CUSTOMER SERVICES
011 731 3300 | 011 731 3581 | customerservices@macmillaneducation.co.za
www.macmillan.co.za | MacmillanSouthAfrica | @MacEdSA

ADVANCING LEARNING

# Woordwys

## ’n Oefening- en intervensie-hulpmiddel wat in die klaskamer en tuis gebruik kan word

Wanneer daar dele van Afrikaans is wat moeilik is om te verstaan, is dit wonderlik om ’n helpende hand te hê om dinge makliker te maak. Die ***Woordwys***-reeks bied presies hierdie soort hulp aan!

Die vyf ***Woordwys***-boeke dek grade 4, 5 en 6, en werk deur al die grondbeginsels wat leerders nodig het vir hulle taalreis vir beide Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal:

- Woordwys – Werk met woorde
- Woordwys – Werk met sinne
- Woordwys – Lees met begrip
- Woordwys – Letterkunde
- Woordwys – Skryf


Taalonderrig vind op ’n geïntegreerde wyse plaas in die klaskamer. Die ***Woordwys***-boeke is ontwikkel om leerders die kans te gee om een vaardigheid of konsep op ’n slag te oefen en onder die knie te kry. Dit help leerders om probleemareas te oorkom sodat dit onmiddellik in die kiem gesmoor word en nie later meer probleme veroorsaak nie.

Elke ***Woordwys***-boek dek grade 4, 5 en 6 en werk deur al die basiese kennis wat noodsaaklik is.

### Kenmerke van die reeks:

- ✔ Geskryf en hersien deur Intermediêre Fase kundiges
- ✔ Voldoen aan KABV-kurrikulum
- ✔ Spreek spesifieke leemtes in gefokusde areas aan
- ✔ Notas en/of voorbeelde aan die begin van elke afdeling om die leerder, onderwyser of tutor te help met die konsep
- ✔ Voldoende oefenaktiwiteite in elke afdeling
- ✔ Verskillende tipes aktiwiteite, volgens moeilikheidsgraad, sorg dat daar genoeg oefening vir alle grade is
- ✔ Aktiwiteite kan vir formatiewe en summatiewe assessering in die klaskamer gebruik word
- ✔ Antwoorde vir alle aktiwiteite (behalwe vir ***Woordwys – Skryf***)
- ✔ Help leerders om die konnotasie tussen Engelse en Afrikaanse konsepte te maak<br>Byvoorbeeld: Selfstandige naamwoord = Noun
- ✔ Antwoordspasies vir leerders om in te skryf

# Voorbeeld bladsye van *Werk met sinne*




## Inhoud

**Hoe om hierdie boek te gebruik** ........ iv
**Woordsoorte** ........ 1
Selfstandige naamwoorde ........ 1
Lidwoorde ........ 10
Byvoeglike naamwoorde ........ 11
Werkwoorde ........ 16
Bywoorde ........ 19
Voornaamwoorde ........ 22
Voorsetsels ........ 23
Telwoorde ........ 25
Tussenwerpsels ........ 26
Voegwoorde ........ 26
Woordsoorte – hersiening ........ 29
**Sinsoorte** ........ 31
**Tydsvorme** ........ 32
**Enkelvoudige en saamgestelde sinne** ........ 39
Ontkennende of negatiewe vorm ........ 41
Woordorde ........ 43
**Direkte en indirekte rede** ........ 45
Direkte rede na indirekte rede ........ 45
Indirekte rede na direkte rede ........ 47
**Lydende en bedrywende vorm** ........ 48
**Antwoorde** ........ 52

## Woordsoorte

### Selfstandige naamwoorde

*Nouns*

'n Selfstandige naamwoord is 'n woord wat 'n **naam aan mense, diere en items gee**. Jy kan dit **sien, voel en daaraan raak**.

Hoe weet jy watter woorde alles selfstandige naamwoorde is?

- Jy kan daaraan vat.
  Byvoorbeeld:
  Ek het 'n **rooi** fiets gekry. Kan ek hieraan (rooi) vat? *Nee*
  Ek het 'n rooi fiets **gekry**. Kan ek hieraan (gekry) vat? *Nee*
  Ek het 'n rooi **fiets** gekry. Kan ek hieraan vat? *Ja*
- Hierdie woorde het verkleining en meervoud.




Het die woord 'n verkleinwoord of meervoud?
Verkleining: fietsie
Meervoud: fietse

Byvoorbeeld:
Die seun vang die **bal**. Kan ek hieraan vat? Ja
Het die woord 'n verkleinwoord of meervoud?
Verkleining: balletjie
Meervoud: balle

Daar is verskillende soorte selfstandige naamwoorde soos:

**Eiename** (word altyd met hoofletters geskryf)

- *Name van mense*, byvoorbeeld: Marius, Mpho, Jack, Deepa, Rohan, Ayanda
- *Vanne van mense*, byvoorbeeld: van Jaarsveld, Dlamini, Reddy
- *Name van dorpe, stede, provinsies, lande en kontinente*, byvoorbeeld: Johannesburg, Wes-Kaap, Suid-Afrika, Noord-Amerika
- *Name van troeteldiere*, byvoorbeeld: Bingo, Dixie
- *Dae van die week*, byvoorbeeld: Sondag, Maandag, Dinsdag
- *Maande van die jaar*, byvoorbeeld: Januarie, Februarie, Maart
- *Spesiale vakansiedae*, byvoorbeeld: Kersdag, Jeugdag
- *Name van produkte*, byvoorbeeld: Volkswagen, Toyota

1

**Soortname** is dinge wat jy kan **sien** en **waaraan jy kan vat**.

- Soortname het ook meervoude, byvoorbeeld: stoel – stoele, hond – honde
- Soortname het ook verkleinwoorde, byvoorbeeld: tafel – tafeltjie, kat – katjie

**Versamelname** dui op 'n versameling van 'n spesifieke soortnaam, byvoorbeeld: 'n skool visse, 'n trop skape

**Kyk of jy die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne kan kry. Omkring die selfstandige naamwoorde.**

1. Karabo eet 'n sappige, rooi appel.
2. Clifford dra juffrou se swaar sak.
3. Salena, Msizi en Petro ry met die bus huis toe.
4. Jenny speel elke Maandag netbal by die skool.
5. Die babatjie is op Kersdag gebore.
6. Daar vlieg 'n swerm voëls hoog in die lug!
7. Meneer Reddy het 'n splinternuwe Toyota gekoop.
8. Jabulani se hondjie se naam is Scruffy.

**Gee 'n selfstandige naamwoord wat pas by die volgende prente:**

9.



___________________

10.



___________________

## Antwoorde


**Selfstandige naamwoorde**
1. Karabo, appel
2. Clifford, juffrou, sak
3. Salena, Msizi, Petro, bus, huis
4. Jenny, Maandag, netbal, skool
5. babatjie, Kersdag
6. swerm, voëls, lug
7. Meneer Reddy, Toyota
8. Jabulani, hondjie, Scruffy
9. haas
10. vuur
11. skip
12. selfoon
13. bril

**Meervoude**
1. susters, broers
2. bewaarders, leeus, hokke

**Hulpwerkwoorde**
1. Die seuns sal die kaasburgers by die tafel eet.
2. Koos en Basie moet al die uitstaande wiskundehuiswerk doen.
3. Die groot seun kan die boelie van die stoel afstamp.
4. Die meisies sal twee-twee oor die straat stap.
5. Hulle kan die beker vir die tweede keer wen.
6. Johan wil op sy fiets na die naaste winkel ry.
7. Hulle kan die vyfkilometerresies binne tien minute voltooi.
8. Die kinders mag volgende Vrydag gewone klere dra.
9. Die klein dogtertjie wil haar ouer sussie roep.
10. Karen wou die roomys uit die bakkie eet.
11. Ek moet my tas buite die musiekklas gaan haal.
12. André sal vir meneer Swart baie dankie sê.

© Copyright

# Voorbeeld bladsye van *Letterkunde*




## Inhoud

**Hoe om hierdie boek te gebruik** ..... iv
**Kenmerke van 'n gedig** ..... 1
**Gedigte (poësie)** ..... 3
Liefde met gevoel ..... 3
Die haantjie ..... 4
Lenteliedjie ..... 5
Voetbal speel ..... 6
Briefies ..... 8
Die vasberade voëltjie ..... 9
Waghondjies ..... 10
Die goue sleuteltjie ..... 12
Die verwaande walvis ..... 13
**Kenmerke van dramas en toneelstukke** ..... 15
Die drie varkies ..... 15
Die bewoners van die ou peperboom ..... 21
**Kenmerke van volksverhale en sprokies** ..... 24
Jock van die Bosveld ..... 25
Wolraad Woltemade ..... 27
Die heldedaad van Klara Majola ..... 29
Die legende van Daedalos en Icarus ..... 30
Odum en Enwe (Die leeu en die apie) ..... 32
Die koning en die waterskilpad ..... 34
Die spook van Uniondale ..... 37
Akio en die kraanvoël ..... 40
Die skilpad wat wou hardloop ..... 43
Hoe die kangaroe sy stert gekry het ..... 46
**Antwoorde** ..... 49

7. Wat het in die briefie gestaan? Onderstreep die regte antwoord. (1)
   a) Gee my jou boek. b) Gee my 'n pen.
   c) Gee my 'n soen!
8. Wat, dink jy, het die res van die klas gedoen? (1)

   ______________________________

9. Wat dink jy sal gebeur as Piet Hansie buite kry? (1)
   Begin so: Ek dink ______________________________

Totaal: 10

**Die vasberade voëltjie**

6

'n Goudgeel voëltjie begin 'n nuwe nes,
'n Wonderwerk nessie, hy doen sy bes.
Grassies, stokkies, blare fyn saamgevleg.
Jaag die ander lui voëltjies weg.

Maar hier kom 'n wilde windjie waai,
Weerlig blits, die donder is kwaai,
Die nessie huiwer,
Val op die grond neer.

Arme voëltjie, knik sy kop
En begin maar weer ...

*J. Aldridge*



**Beantwoord die vrae.**

1. Waaroor gaan die gedig? (2)

   ______________________________

2. Hoe weet ons die voëltjie probeer om 'n wonderlike nessie te bou? Hy bou: (1)
   a) 'n wonderwerk nessie b) 'n nuwe nessie
   c) 'n mooi nessie
3. Wie jaag hy weg? (1)

   ______________________________



4. Gee twee pare woorde wat rym in die eerste strofe. (4)
   ____________ en ____________
   ____________ en ____________
5. Gee 'n voorbeeld van alliterasie in die tweede strofe? Drie woordjies. (3)

   ______________________________

6. Wat doen die nessie voordat dit neerval? (1)

   ______________________________

7. Wat doen die voëltjie nadat die storm sy nessie laat val? Begin so: (3)
   Die ______________________________

Totaal: 15

## Antwoorde

**Liefde met gevoel**

1. Liefde met gevoel (1)
2. A.G. Visser (1)
3. een (1)
4. 14 (1)
5. so – glo, makeer – seer, gebyt – stoutigheid, lammie – mammie, grap – hap, doen – soen, aan – slaan (1)
6. letterlik. Hy het haar regtig gebyt. (1)
7. vraagteken (1)
8. Eie antwoord. Moontlike antwoord: Boetie het sussie gebyt en so gewys hy is lief vir haar, deur haar seer te maak./Sussie het gehuil, want boetie het haar gebyt. (1)
9. Eie antwoord. Moontlike antwoord: Ja, want hy het vir sussie gebyt. (1)
10. Eie antwoord. Moontlike antwoorde: Ja, want hy wou hê mammie moet hom eers soen voordat sy hom slaan. Hy het geweet mammie sal hom jammer kry. Mammie sal hom dan nie slaan nie. (1)

Totaal: 10

**Die haantjie**

1. Eie antwoord. Moontlike antwoorde: Die haantjie kraai die mense wakker./Hane kraai vroeg in die oggend, veral op 'n plaas, om die mense wakker te maak. (1)
2. haantjie, kinders, ek (die spreker), mense (1)
3. Ja, want hulle wil nie wakker word/opstaan nie. (1)
4. Koeke-doedel-doe (1)
5. Om te wys dat die haan hard kraai. (1)
6. toe – doe, staan – gaan, vroeg – moeg, asseblief – lief, laat – straat (1)
7. ses (1)
8. 12 (1)
9. W.H. Boshoff (1)
10. Die haan kraai hard, maar die kinders wil nie opstaan nie. (1)

Totaal: 10

6. b) Juffrou (1)
7. c) gee my 'n soen! (1)
8. Die res van die klas het gelag. (1)
9. Eie antwoord. (1)

Totaal: 10

**Die vasberade voëltjie**

1. Dit is oor 'n goudgeel vink wat sy nessie bou. (2)
2. a) 'n wonderwerk nessie. (1)
3. Hy jaag die lui voëltjies weg. (1)
4. nes en bes, weg en saamgevleg (4)
5. wilde windjie waai (3)
6. Die nessie huiwer. (1)
7. Die arme voëltjie knik net sy kop en begin maar weer. (3)

Totaal: 15

**Waghondjies**

1. Die gediggie gaan oor twee honde wat hul baas se baadjie oppas. (2)
2. Daar is twee strofes in die gedig. (2)
3. Daar is nege reëltjies in die eerste strofe. (1)
4. a) kwaad. (1)
5. byt, skeur (2)
6. b) Bly lê op my baadjie tot ek terugkom. (1)
7. Hul koppe lê op hul pote. (1)
8. Die reël is: "maar ons loer nog deur 'n gaatjie" (1)
9. Een van hul ore plat en die ander is op. (1)
10. gesê en lê, kop en dop, baadjie en gaatjie (6)
11. Die outeur van die gedig is Jan F.E.Celliers. (2)

Totaal: 20

**Die goue sleuteltjie**


1. Die goue sleuteltjie (1)
2. Helena J.F. Lochner (1)
3. 12 (1)
4. kry – vry, hou – kou, dink – sink (1)
5. Die slot van die voëltjies se kou en die koskas. (2)
6. toesluit (1)
7. Die spreker wil nie skool toe gaan nie. (1)
8. 'n Goue sleuteltjie kan enige slot oop- of toesluit. (1)
9. Eie antwoord (1)

Totaal: 10

© Copyright

We deliver free of charge countrywide!

# Voorbeeld bladsye van *Werk met woorde*




## Inhoud

**Hoe om hierdie boek te gebruik** ........ iv
**Alfabetiese rangskikking** ........ 1
**Lettergrepe en afbreek van woorde** ........ 3
Wat is 'n lettergreep ........ 3
**Punktuasie (leestekens)** ........ 5
Die punt ........ 5
Hoofletters ........ 6
Die komma ........ 7
Die dubbelpunt ........ 10
Die koppelteken ........ 11
Die vraagteken ........ 13
Die uitroepteken ........ 15
Hakies ........ 17
Aanhalingstekens ........ 17
**Skryftekens** ........ 21
Die kappie (^) ........ 21
Die deelteken (¨) ........ 22
**Akronieme en afkortings** ........ 23
Akronieme ........ 23
Afkortings ........ 24
**Sinonieme en antonieme** ........ 27
Sinonieme ........ 27
Antonieme (teenoorgesteldes) ........ 28
**Homofone en homonieme** ........ 29
Homofone ........ 29
Homonieme ........ 31
**Samestellings, afleidings, voorvoegsels en agtervoegsels** ........ 34
Samestellings ........ 34
Afleidings ........ 37
Voorvoegsels ........ 37
Agtervoegsels ........ 39
**Letterlike en figuurlike taalgebruik** ........ 40
Idiome en idiomatiese uitdrukkings ........ 42
**Verwarrende woorde** ........ 45
**Antwoorde** ........ 47

24. Susan moet haar huiswerk doen haar atletiekklere aantrek en om die baan gaan draf.

5 6
Colon

### Die dubbelpunt

Die dubbelpunt is twee punte bo-op mekaar. Dit lyk so:

- Wanneer ons 'n lys dinge of name wil opnoem (*listing things*), kom die lys direk ná die dubbelpunt, byvoorbeeld:
  Hierdie kinders moet ná skool agterbly: Jannie, Marlien, Hansie en Kobus.
  Om jellie te maak, benodig ons: jelliepoeier, 'n koppie kookwater en 'n koppie koue water.
- Wanneer ons iets verduidelik, byvoorbeeld:
  Hoe om 'n koppie koffie te maak: Gooi water in die ketel en skakel dit aan. Neem 'n beker en gooi 'n teelepel koffiepoeier daarin. Sodra die ketel kook, gooi water in die beker. Voeg 'n bietjie suiker en melk by. Neem 'n teelepel en roer die koffie. Geniet dit!
- Wanneer daar na 'n aanhaling verwys word, byvoorbeeld:
  Mandela het eenkeer gesê: "Dit lyk altyd onmoontlik totdat dit gedoen is."
- Wanneer daar 'n dialoog of drama geskryf word (*a dialogue or drama*), byvoorbeeld:
  Lonwabe: Waar is Kevin?
  Danie: Ek weet nie.
- Wanneer ons gaan praat, byvoorbeeld:
  Karel sê: "Ek is besig en kan nie nou dadelik kom nie."

**Skryf die sinne oor en vul die dubbelpunt in.**

1. Juffrou sê "Jy moet jou boek bring en vir my kom lees."
2. Ek wil koek bak en benodig koekmeel, eiers, bakpoeier, 'n bietjie melk en sout.



3. Marietjie se ma vra "Waarheen gaan julle vanmiddag?"
4. Hierdie groente was in die mandjie tomaties, boontjies en ertjies.
5. Hoe om koeldrank te maak Neem 'n glas water en voeg koeldrankstroop by. Roer die stroop en water met 'n lepel. Nou is jou koeldrank gemeng. Lekker drink.
6. Om koek te bak, benodig ons meel, eiers, melk en botter.
7. Die kinders skree "Hardloop Karel, jy kan wen!"

## Antwoorde

**Alfabetiese rangskikking**

1. man, mens, miljoen, mond, muis, myl
2. Dinsdag, Donderdag, Maandag, Saterdag, Sondag, Vrydag, Woensdag
3. herfs, koud, lente, somer, warm, winter
4. gom, kleurpotlode, liniaal, potlood, skerpmaker, uitveër
5. duim, hand, nael, palm, ringvinger, voorvinger
6. lewe, planete, ruimte, ster, teleskoop, vuurpyl
7. beddens, dokters, hospitale, inspuitings, pasiënte, verpleegsters
8. bang, bloedrooi, blom, blomsteel, breek, bruid, buk
9. aartappel, appel, boontjies, druiwe, lemoen, pampoen, pynappel, waatlemoen
10. silwer, slim, soet, spoed, stout, straat, stroop
11. badkamer, eetkamer, gang, kombuis, sitkamer, slaapkamer, stoep
12. atletiek, hokkie, krieket, netbal, rugby, sokker, swem, tennis

**Lettergrepe en afbreek van woorde**

1. kloof een lettergreep, kan nie gedeel word nie.
2. spot – goed – koop
3. ge – sond
4. voor – koms
5. be – geer – te
6. klou – e
7. teen – oor – ge – stel – des
8. proe
9. se – ker – lik
10. blom – me
11. troe – tel – die – re
12. waar – skyn – lik
13. sport – spe –ler
14. ver – skil – len – de
15. pa – ra – gra – we

**Punktuasie: Die punt en hoofletters**

1. Ek gaan gewoonlik elke dag van die week skool toe.
2. Ansie Malan is my niggie, want sy is my tannie se


8. Ek ry Maandag, Dinsdag en Woensdag met my fiets skool toe.
9. In die klas gebruik ek my potlood, skerpmaker, gom en liniaal.
10. Johan Smit, die krieketspeler, is die kaptein van die span.
11. Die mammies, pappies, seuns en meisies is almal op die strand.
12. Jy moet eet, bad en gaan slaap.
13. Sarie, Ansie, Isabel en Anna is almal in die netbalspan.
14. Op die tafel is groot borde, kleinbordjies en poedingbakkies.
15. Januarie, Maart en Oktober is maande van die jaar.
16. My broer, Daniel, is die oudste kind in ons familie.
17. Pieter, Naas, Leon en Hannes gaan hierdie naweek visvang.
18. Sondag, Maandag, Dinsdag en Donderdag is dae van die week en begin met hoofletters.
19. My broer het Amerika, Kanada en Oostenryk besoek.
20. Andre, die beste tennisspeler in die span, is my neef.
21. Daar staan motors, motorfietse, bakkies en vragwaens in die straat.
22. Om 'n toebroodjie te maak, moet ek 'n mes, botter, konfyt en twee snytjies brood hê.
23. In die wildtuin het die kinders baie olifante, sebras, vlakvarke en leeus gesien.
24. Susan moet haar huiswerk doen, haar atletiekklere aantrek en om die baan gaan draf.

**Punktuasie: Die dubbelpunt**

1. Juffrou sê: "Jy moet jou boek bring en vir my kom lees."
2. Ek wil koek bak en benodig: koekmeel, eiers, bakpoeier, 'n bietjie melk en sout.
3. Marietjie se ma vra: "Waarheen gaan julle vanmiddag?"
4. Hierdie groente was in die mandjie: tamaties, boontjies en ertjies.
5. Hoe om koeldrank te maak: Neem 'n glas water en voeg koeldrankstroop by. Roer die stroop en water met 'n lepel. Nou is jou koeldrank gemeng. Lekker drink.

© Copyright

# Voorbeeld bladsye van *Skryf*




## Inhoud

Hoe om hierdie boek te gebruik ........ iv
'n Boodskap ........ 1
Instruksies ........ 3
'n Paragraaf ........ 5
Persoonlike vertellings ........ 6
'n Brief ........ 8
'n Plakkaat ........ 10
'n Groetekaartjie ........ 12
'n Dagboekinskrywing ........ 13
'n Gedig ........ 14
'n Storie ........ 16
'n Beskrywing ........ 23
'n Inligtingsteks ........ 25
'n Hervertelling ........ 27
'n Paragraaf ........ 27
'n Dialoog ........ 29
'n Verslag ........ 33
'n Toneelstuk ........ 34
'n Fabel ........ 37
'n Kennisgewing ........ 40
Korrekte volgorde ........ 44
'n Advertensie ........ 45
Woordraaisel ........ 46
'n Uitnodiging ........ 48
Antwoorde ........ 50

## Instruksies




Lees die volgende instruksies.

***Vuurmaak***

**Benodighede:** droë hout, fyn houtjies, koerantpapier en vuurhoutjies



Eerstens sit jy die gefrommelde koerantpapier in die kaggel.
Dan pak jy fyn houtjies bo-op.
Daarna sit jy die groter stukke hout bo-op.
Laastens steek jy die vuur aan die brand met 'n vuurhoutjie.
Die vuur brand lekker warm.

***Warmsjokolade***

**Benodighede**: 'n beker, warmsjokoladepoeier, kookwater, suiker, melk en 'n teelepel



Kook die water in die ketel.
Gooi drie teelepels warmsjokoladepoeier in die beker.
Voeg 'n teelepel suiker by.
Gooi nou kokende water in die beker.
Voeg 'n bietjie melk by.
Roer met 'n teelepel en geniet.

***'n Beker heerlike warm sop***

Daar is niks beter as om op 'n koue dag by die voordeur in te loop en die heerlike geur van sop te ruik nie.



Om groentesop te maak het jy die volgende nodig – 2 wortels, 1 aartappel, 2 stingels seldery, 1 ui, 'n handvol pietersielie; 'n stuk sopvleis, 'n vleisekstrakblokkie, 1 liter koue water, sout en peper. →



←

**Instruksies:**
Rasper heel eerste die groente fyn.
Gooi dan 1 liter koue water in 'n kastrol.
Sit daarna die stuk sopvleis in die kastrol met water.
Voeg dan die vleisekstrakblokkie by.
Gooi dan al die gerasperde groente in die kastrol.
Skakel die stoof aan op medium hitte en kook die sop vir so dertig minute.
Skakel die stoof na lou en laat die sop stadig sag kook vir nog so twintig minute.
Net voor opskeptyd, voeg jy sout en peper by na smaak.
Geniet die lekker warm sop met 'n stuk brood.

**Skryf nou jou eie instruksies, byvoorbeeld:**
**Hoe om ...**

- **'n koppie tee of koffie te maak**
- **koeldrank aan te maak**
- **'n toebroodjie te maak**
- **'n eier te kook.**



- Onthou om die regte volgorde te volg.
- Gebruik kort sinne.
- Onthou die verbindingswoorde tussen jou instruksies, soos daarna, eerste en volgende.
- Die instruksies moet lei tot die finale produk.

Benodighede: ______________________________
______________________________
______________________________

Instruksies:
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________
______________________________



© Copyright

We deliver free of charge countrywide!

# ORDER FORM

macmillan education

| | |
|---|---|
| School name / Organisation: | |
| Order number (if applicable): | VAT no. (if applicable): |
| Contact name: | |
| Cell: | Tel: |
| Email: | |
| Postal address: | |
| | |
| Physical address: | |
| | |

*Prices as at July 2019, and are subject to change without notice. All prices quoted include 15% VAT.*

| ISBN | Title | Price | QTY to order |
|---|---|---|---|
| LANGUAGE GAPS | | | |
| 9781431059782 | **Language Gaps – Reading with comprehension** | R48.95 | |
| 9781431059768 | **Language Gaps – Concord, grammar and tenses** | R48.95 | |
| 9781431059799 | **Language Gaps – Literature** | R48.95 | |
| 9781431059775 | **Language Gaps – Working with words** | R48.95 | |
| 9781431059805 | **Language Gaps – Writing** | R48.95 | |
| 9781431060856 | **Language Gaps Pack (all 5 titles)** | R244.75 | |
| WOORDWYS | | | |
| 9781431059836 | **Woordwys – Lees met begrip** | R48.95 | |
| 9781431059829 | **Woordwys – Werk met sinne** | R48.95 | |
| 9781431059843 | **Woordwys – Letterkunde** | R48.95 | |
| 9781431059812 | **Woordwys – Werk met woorde** | R48.95 | |
| 9781431059850 | **Woordwys – Skryf** | R48.95 | |
| 9781431060863 | **Woordwys Pack (all 5 titles)** | R244.75 | |

# Contact Details


**HEAD OFFICE**

Private Bag X19, Northlands, 2116

Tel: 011 731 3300 | Fax: 011 731 3581
Email: customerservices@macmillaneducation.co.za
Webiste: www.macmillan.co.za
Facebook: MacmillanSouthAfrica
Twitter: @MacEdSA


**Tony Maimane**
*Head of National School Sales*
Cell: 078 804 0595
Email: Tony.Maimane@macmillaneducation.co.za

**EASTERN CAPE**

**Ayanda Nkunzi**
*Sales and Marketing Representative*
Cell: 082 949 9664
Email: Ayanda.Nkunzi@macmillaneducation.co.za

**FREE STATE**

**Peter Ledwaba**
*Provincial Sales Manager*
Cell: 076 994 0986
Email: Peter.Ledwaba@macmillaneducation.co.za

**GAUTENG**

**Magda Scheepers**
*Provincial Sales Manager*
Cell: 082 786 4548
Email: Magda.Scheepers@macmillaneducation.co.za

**KWAZULU-NATAL**

**Sihle Zuma**
*Provincial Sales Manager*
Cell: 066 474 3793
Email: Sihle.Zuma@macmillaneducation.co.za

**LIMPOPO**

**Mmatapa Moabelo**
*Sales and Marketing Representative*
Cell: 078 804 0612
Email: Mmatapa.Moabelo@macmillaneducation.co.za

**MPUMALANGA**

**Lillian Vuma**
*Sales and Marketing Representative*
Cell: 078 803 9918
Email: Lillian.Vuma@macmillaneducation.co.za

**NORTH WEST**

**Mmaabo Modisane**
*Provincial Sales Manager*
Cell: 071 399 1337
Email: Mmaabo.Modisane@macmillaneducation.co.za

**NORTHERN CAPE**

**Hajira Martheze**
*Sales & Marketing Representative*
Cell: 076 994 0987
Email: Hajira.Martheze@macmillaneducation.co.za

**WESTERN CAPE**

**Hajira Martheze**
*Sales & Marketing Representative*
Cell: 076 994 0987
Email: Hajira.Martheze@macmillaneducation.co.za

**COMMERCIAL SALES**

**Belinda Germeshuizen**
*Head of Commercial Sales*
Tel: 011 731 3359
Email: Belinda.Germeshuizen@macmillaneducation.co.za

**Anna-Mari Voutsas**
*School Sales Consultant*
Cell: 082 702 8991
Email: Anna.Voutsas@macmillaneducation.co.za

**Gerda van der Walt**
*School Sales Consultant*
Cell: 076 994 0982
Email: Gerda.vanderWalt@macmillaneducation.co.za

**Kilayne Pelser**
*School Sales Consultant*
Cell: 076 994 0985
Email: Kilayne.Pelser@macmillaneducation.co.za

**Nicole Smith**
*School Sales Consultant*
Cell: 082 944 6968
Email: Nicole.Smith@macmillaneducation.co.za